

Blue Mountain in top-10 vir aftrede


Alida de Beer

Blue Mountain Village in George is onder een van die toptien gewildste landgoedere in Suid-Afrika waar mense aftree.

Dit is volgens 'n ontleding wat die Lightstone-analisegroep gedoen het van die toptien landgoedere in die 60-plus ouderdomsgroep.

In die ontledingstydperk (2018-2020) lê Blue Mountain vierde in gewildheid in terme van verkoopvolumes, V & Waterfront in Kaapstad eerste, Burgundy-landgoed in Parow tweede en Stonewood-landgoed in Kraaifontein derde.

Blue Mountain se ontwikkelaar, Chris Roodt, sê die meeste van die kopers is nuwe intrekkers in George. "n Mens kan nie glo dat soveel mense hierheen trek nie. Vandat die inperking grootliks gelig is, het ons 30 oordragte gehad, wat natuurlik 'n oopenhoping was. Oor die ses maande van inperking is dit vyf per maand. Volgens ons eie en ander studies, toon die Suid-Kaap en Umhlanga die grootste groei in die residensiële mark in die land."



Blue Mountain is een van die gewildste landgoedere in die

Blue Mountain brei steeds uit. Roodt sê hulle is in die proses om planne in te dien vir 'n 40-bed eenheid vir dementia-lyers en verswakte bejaardes. Die

duette, wat twee eenhede onder een dak bied, is baie gewild en gaan ook uitbrei. "Daar is nog 30 erwe vir duette oor, maar uiteindelik wil ons die aanbod uitbrei met nog 80 erwe. Tans is daar 210 bewoonde duette." Slegs een erf is in die aftreeoord beskikbaar, maar nog 150 erwe sal daar ontwikkel word.

Piet Schoeman, bestuurder van Blue Mountain, het by navraag gesê hulle gewildheid is waarskynlik toe te skryf aan die gunstige ligging naby inkopiesentrums en die verskeidenheid tipes eenhede wat hulle bied, van die groter huise in die aftreeoord, tot eenslaapkamer- en bystandseenhede asook duette. "Ons het ook 'n mooi omgewing. Hier loop 20 springbokkies vry rond en 'n mens kan hulle soms van jou voorstoep af bewonder."